BEELD NAWEEK, Naweek +
Saturday, 27 November 2010, p. 14

Johannesburg gebruik reeds 'n etanol-groenbus

KARLA JANSE VAN VUUREN

'n "Groen" bus wat nie Johannesburg se atmosfeer met skadelike dieselwolke besoedel nie, klink soos 'n vae toekomsdroom. Tog is daar reeds so 'n bus op die stad se paaie. Hou 'n spierwit sakdoek voor dié bus se uitlaatpyp, en ná 'n paar minute is dit steeds silwerskoon.

"Om groen te wees is deesdae vir vervaardigers 'n belangrike doel," het Alec Mack, verkoopsdirekteur van Scania Afrika, gesê by die bekendstelling van die eerste etanol-aangedrewe metrobus in Suid-Afrika.

In die groenbus se tenk is nie diesel nie, maar 'n natuurlike brandstof wat van suikerbeet gemaak word.

"Die gebruik van etanol verlaag die bus se koolstofvrystelling," sê John Anderson van MiX Telematics.

Dié maatskappy ontwikkel en stel eenhede in werking wat gebruik word om voertuie in 'n vloot te monitor. So 'n eenheid is in die groenbus geïnstalleer.

"Die eenheid meet brandstofverbruik en koolstofvrystellings en wys duidelik as die voertuig enige perke oorskry," verduidelik Anderson.

Die eenheid monitor ook die bestuurder se gedrag en kan gebruik word om roetes te beplan sodat brandstof doeltreffend verbruik word.